Me. Winnie Madikizela-Mandela en haar dogter, Zinzi, gister by die bekendstelling van 'n restaurant in Kaapstad waarin die familie 'n belang het. **Foto: ANDREW BROWN**

Mandelas bou restaurant in Kaap

KAAPSTAD. – Die Mandela-gesin bou 'n restaurant hier met 'n uitsig op die eiland waar oudpres. Nelson Mandela twee dekades in die tronk deurgebring het.

Die plan is om van Mandela se memorabilia wat nog nie voorheen gesien is nie, asook sy Nobelprys vir vrede hier ten toon te stel.

Mnr. Geoff Chait, direkteur van die ontwikkelaar Mvelaphanda, het gister by navraag gesê die plan is om die Icon-restaurant 'n bekende toeriste-trekpleister in Kaapstad te maak.

Dit is deel van 'n groter ontwikkeling sowat 50 m van die see by Big Bay, wes van Kaapstad.

Volgens Chait sal die restaurant soortgelyk aan die Moyo-restaurant by Spier wees. Die Mandelas se vennoot in die restaurant is adv. André Bezuidenhout, eienaar van die bekende restaurante Ons Huisie, On the Rocks en Café Blouberg.

Bouwerk begin vroeg volgende jaar. Volgens Chait sal die restaurant teen die laaste kwartaal van 2008 gereed wees vir sake.